## GEBEDSBULLETIN

***September se tema:*** **GETROUHEID**

2 Tim 2:13 … as ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie.

## DANKSEGGING:

* Vir getuienisse van mense wat getrou bly aan die Here ten spyte van vervolging.
* Vir Geopende Deure wat die Vervolgde kerk ondersteun.
* Almal se betrokkenheid by die Lente Dankfees.

## GEBED EN SMEKING:

* Sondag, 1 September 2019, is dit Biddag vir Dowes. September is ook die 'Maand vir Dowes'. Vir meer as 138 jaar lewer die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) dienste aan Dowes en persone met gehoorverlies. NID is 'n nie-winsgewende organisasie en is afhanklik van die ondersteuning van die publiek om hul in staat te stel om voortdurend hierdie dienste soos onderrig, opleiding, sorg en maatskaplike dienste te kán lewer.
* Vredesooreenkoms tussen Soedan en Suid-Soedan - bid dat dit blywend sal wees en dat die deure sal oop bly vir sendelinge.
* Ons land - onrus in Pretoria, vandalisering van die Brandweerstasie in Guguletu, ens.
* Kinders in huise waar pa, ma, oom, tannie, broers aan alkohol of dwelms verslaaf is.
* September is Kinder-kanker bewustheidsmaand. Bid vir kinders met kanker - ook vir hulle gesinne en versorgers.
* Droogte - in dele van die Karoo voer die boere al vir 5 jaar hulle vee. Sommige boere het nie meer kos op hul tafels nie; plase is in die mark maar niemand kan of wil dit koop nie (daar is nie water nie).






# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 1 SEPTEMBER 2019**

*"Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here". (Romeine 7:24-25a)*

## PROGRAM VIR VANDAG:

**09:00—Nagmaal**
Kerk (Ds André) en
Santos Haven 2 (Ds Danie)

**09:00—Vleesbaai**
Ds Robert

Sinodale offer vir Instituut vir Dowes

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |
| Gr 11 | Na kerk in die "gat" |

## VOLGENDE SONDAG:

**09:00—Erediens**
Kerk (Aflos)

**09:00—Vleesbaai**
Aflos

Sinodale offer vir Sending:Malawi, Mosambiek en Zimbabwe

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |
| Gr 11 | 10:00 in die "gat" |

## AKTIWITEITE VIR DIE WEEK:

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.



**MAANDAG:** 15:00 Bybelstudie Santos 2 (ds Danie)

**DINSDAG:** 09:00 Bybelstudie (ds Robert)
09:30 Bybelstudie konsistorie (ds Danie)
09:30 Bybelstudie saal (ds André)
19:00 Bybelstudie Tienie Bothastr (ds Robert)

**WOENSDAG:** 15:30 Biduur Santos 1—alle lidmate welkom! (ds André)

**DONDERDAG:** 06:00 Manne saambid in saal
09:00 Bybelstudie Vleesbaai/Rietvlei (ds Robert)
***KERKKANTOOR SAL GESLUIT WEES.***

## NUWE MENSE

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Ontmoet die dominee na die diens voor by die preekstoel.
Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die erediens.

## IN FOKUS:

**KOSKAS:** SEPTEMBER is Streek C se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEUROFFERS:** Spesiale offer vir Blommekomitee was R1856-90 en vir Vleesbaai geboue was R854-00.

**BAIE WELKOM NUWE LIDMATE:** Die volgende lidmate is met Bewys van Lidmaatskap na ons gemeente oorgeplaas: Henriëtte Jansen van Rensburg (Vleesbaai) - vanaf Britstown.

**TE KOOP:** Rosyne R50p/kg by die kerkkantoor.

**DANKFEES:** Baie dankie aan almal wat hard gewerk het of 'n ander wyse ons basaar ondersteun het! Dit was voorwaar 'n fees!

**KERKRAAD:** Ons het tans 'n paar vakatures op die kerkraad. Gemeentelede kan ook iemand nomineer. Skakel gerus een van die dominees as u wil weet wat die prosedure is.

**GESLUIT:** Die kerkkantoor sal Donderdag, 5 September 2019, gesluit wees.




## PERSONEEL INFO:

**KERKKANTOOR:**
Telefoon: 044-690 3552
ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

Kantoorure:
Maandag 10:00—12:30
Dinsdag—Vrydag 07:30—12:30

**KASSIER, SAALBESPREKINGS, ONTVANGS, LIDMAATREGISTER:**
Maretha Fourie 044-690 3552

**SKRIBA, FINANSIES, ADMIN– EN KOMMUNIKASIEBEAMPTE:**
Lezelda Faul 044-690 3552

**KOSTER:**
Nic Olivier 072 485 1316

**ORRELIS:**
Cobus du Toit 072 645 3194

**PREDIKANTE:**
Ds Danie: 044-691 1450
084 701 4386
dsdansmit@gmail.com
Ds André: 044-693 2462
084 613 2462
andrekritzinger01@gmail.com
Ds Robert: 044-691 2244
084 684 1304
robmar@cybersmart.co.za







**VOORBIDDING GEVRA VIR:**
Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

*Wessel de Lange Maroelastraat, Willie J van Rensburg Ysterhoutsingel, James Cambell Santos Haven, André du Preez Hoogstraat, Marietjie Barnard Hartenrus, Pieter vd Spuy Protea Aftreeoord, Cecile de Kock Gholflandgoed, Hannes Mills Vleesbaai, Dorothy Nielsen Erik Pienaarstr.*

**STERFTES:** *Marius van der Merwe Beldonstraat (eggenoot van Joanie en seun van Schalk en Ounooi). Koos Havenga Da Gamastr (eggenoot van Tokkie) Begrafnis Maandagogg 11:00.*



Sien jouself as 'n kleurpotlood. Jy is nie almal se gunsteling kleur nie maar iewers op 'n dag gaan iemand spesiaal jou nodig kry om die prentjie van hul lewe te voltooi.

**FINANSIËLE BYDRAES:**
**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031
(indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing)
**Vir Geloofsgelofte-bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO)
ABSA tjek—207 016 7886